

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Friday 7 October 1977 WINDHOEK Vrydag 7 Oktober 1977 No. 3655

CONTENTS

Page

INHOUD

Bladsy

DRAFT ORDINANCE:

Expropriation Draft Ordinance, 1977

2

ONTWERPORDONNANSIE:

Onteieningsontwerpordonnansie, 1977

3

DRAFT ORDINANCE

ONTWERPORDONNANSIE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

DRAFT ORDINANCE

To provide for the expropriation of land and other property for public and certain other purposes, and for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:—

Definitions.

1. Unless the context otherwise indicates —

- (a) "Administration" means the Administration of the Territory; (a)
- (b) "date of expropriation" means the appropriate date contemplated by section 5(2)(b); (j)
- (c) "date of notice" means the date upon which a notice of expropriation is in terms of the provisions of section 5(3) delivered, tendered or posted to a person or is in terms of the provisions of section 5(5) published in the *Official Gazette* and if such a notice is, in respect of the same property so delivered, tendered or posted and published, the date upon which it is so published; (g)
- (d) "date of offer of compensation" means if an amount is mentioned as compensation in the notice of expropriation in question, the date of notice in question or, the date upon which an amount is in terms of the provisions of section 8(2) or (4) offered as compensation, if such an amount is not mentioned in such notice but is offered in terms of the provisions of the said section 8(2) or (4); (b)
- (e) "Executive Committee" means the Executive Committee contemplated by section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (o)
- (f) "immovable property" includes a real right in or over immovable property; (i)
- (g) "local authority" means the Council of a municipality constituted or established under the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), a Village Management Board established under the provisions of the Vil-

ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die onteiening van grond en ander goed vir openbare en sekere ander doeleindes, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

Woordbepaling.

(a) “Administrasie” die Administrasie van die Gebied;
(a)

(b) “datum van die vergoedingsaanbod” die betrokke kennisgewingsdatum, indien ’n bedrag as vergoeding in die betrokke onteieningskennisgewing vermeld word, of die datum waarop ’n bedrag as vergoeding ingevolge die bepalings van artikel 8(2) of (4) aangebied word, indien so ’n bedrag nie in sodanige kennisgewing vermeld word nie maar ingevolge die bepalings van genoemde artikel 8(2) of (4) aangebied word; (d)

(c) “eienaar” —

(i) met betrekking tot grond of ’n geregistreerde reg in of oor grond, die persoon op wie se naam die betrokke grond of reg geregistreer is, en —

(aa) indien die eienaar van goed oorlede is, die eksekuteur van sy boedel;

(bb) indien die boedel van die eienaar van goed gesekwestreer is, die kurator van sy insolvente boedel;

(cc) indien die eienaar van goed ’n maatskappy is wat gelikwideer word, die likwidateur daarvan;

(dd) indien goed oorgegaan het op ’n beredderaar of kurator wat ingevolge die bepalings van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966), gekies of aangestel is, daardie beredderaar of kurator;

lage Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), and a Peri-Urban Development Board established under the provisions of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970); (m)

(h) "Master", in relation to particular property, means the Master of the South West Africa Division of the Supreme Court; (h)

(i) "notice of expropriation" means a notice contemplated by section 5; (k)

(j) "owner" means —

(i) in relation to land or a registered right in or over land, the person in whose name the land or right in question is registered and —

(aa) if the owner of property is deceased, the executor in his estate;

(bb) if the estate of the owner of property has been sequestrated, the trustee of his insolvent estate;

(cc) if the owner of property is a company which is being wound up, the liquidator thereof;

(dd) if property has passed to a liquidator or trustee elected or appointed in terms of the provisions of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966), that liquidator or trustee;

(ee) if the owner of any property is otherwise under a legal disability, his legal representative;

(ff) if any property has been attached in terms of an order of a court, also the messenger of the court, the sheriff or deputy-sheriff concerned, as the case may be;

(gg) in relation to a holding allotted, leased, sold or granted in terms of the provisions of the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation 310 of 1927, of the Republic of South Africa), the person to whom such holding was so allotted, leased, sold or granted or the cessionary or sublessee of that person;

(hh) includes the authorised representative in the Territory, of a person who qualifies as

- (ee) indien die handelingsbevoegdheid van die eienaar van goed andersins beperk is, sy verteenwoordiger in regte;
- (ff) indien op goed beslag gelê is ingevolge 'n bevel van 'n hof, ook die betrokke geregsbode, balju of adjunk-balju, na gelang van die geval;
- (gg) met betrekking tot 'n hoewe wat ingevolge die bepalings van die Landnedersetting Gekonsolideerde en Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 310 van 1927 van die Republiek van Suid-Afrika), toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is, die persoon aan wie sodanige hoewe aldus toegeken, verhuur, verkoop of uitgegee is, of die sessionaris of onderhuurder van daardie persoon;
- (hh) ook die gevolmagtigde verteenwoordiger in die Gebied, van 'n persoon wat ingevolge die bepalings van hierdie subparagraaf as eienaar kwalifiseer; en
 - (ii) waar daar in hierdie Ordonnansie verwys word na die eienaar van onteiene goed of van goed wat onteien is, word so 'n verwysing, ondanks die bepalings van artikel 6(1), uitgelê as 'n verwysing na die persoon wat onmiddellik voor die onteieningsdatum ingevolge, onder andere, die voorafgaande bepalings van hierdie subparagraaf, eienaar van die betrokke goed is;
 - (ii) met betrekking tot ander goed as grond of 'n geregistreerde reg in of oor grond, ook die persone bedoel by subparagraaf (i)(aa), (bb), (cc), (dd), (ee), (ff), (hh) en (ii): Met dien verstande dat enige verwysing na goed in daardie subparagraaf vir die doeleindes van hierdie subparagraaf uitgelê word as 'n verwysing na ander goed as grond of 'n geregistreerde reg in of oor grond; (j)
- (d) "Gebied" die Gebied Suidwes-Afrika; (n)
- (e) "goed" roerende sowel as onroerende goed; (k)
- (f) "hierdie Ordonnansie" ook die regulasies; (o)
- (g) "kennisgewingsdatum" die datum waarop 'n onteieningskennisgewing ingevolge die bepalings van artikel 5(3) aan iemand oorhandig, aangebied of gepos of ingevolge die bepalings van artikel 5(5) in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, en indien so 'n kennisgewing ten opsigte van dieselfde goed aldus

an owner in terms of the provisions of this subparagraph;

- (ii) where there is in this Ordinance referred to the owner of expropriated property or of property which has been expropriated, such a reference shall, notwithstanding the provisions of section 6(1), be construed as a reference to the person who, immediately prior to the date of expropriation, is the owner of the property in question in terms of, *inter alia*, the preceding provisions of this subparagraph;
- (ii) in relation to property other than land or a registered right in or over land, includes the persons contemplated by subparagraph (i)(aa), (bb), (cc), (dd), (ee), (ff), (hh) and (ii): Provided that any reference to property in that subparagraph shall for the purposes of this subparagraph be construed as a reference to property other than land or a registered right in or over land; (c)
- (k) "property" means both movable and immovable property; (e)
- (l) "public purposes" includes any purposes connected with the administration of the provisions of some or other law by an authoritative body; (l)
- (m) "regulation" means a regulation made under the provisions of section 20 of this Ordinance; (n)
- (n) "Territory" means the Territory of South West Africa; (d)
- (o) "this Ordinance" includes the regulations. (f)

Power of Executive Committee to expropriate or otherwise acquire property for public and certain other purposes or to take the right to use property temporarily for public purposes.

2. (1) Subject to the provisions of this Ordinance the Executive Committee may, subject to the obligation to pay compensation, expropriate any property for public purposes or take the right to use temporarily any property for public purposes.

(2) The power of the Executive Committee in terms of the provisions of subsection (1) to expropriate property for public purposes, and a power in terms of the provisions of any other law to expropriate or otherwise acquire any property on behalf of the Administration shall, if in the opinion of the Executive Committee the expropriation or acquisition of certain immovable property in terms of the provisions of the said subsection or other law affects or will affect any other immovable property, also include the power to expropriate so much of such other immovable property as the Executive Committee for any reason deems expedient.

oorhandig, aangebied of gepos en gepubliseer word, die datum waarop dit aldus gepubliseer word; (c)

- (h) "Meester", met betrekking tot bepaalde goed, die Meester van die Suidwes-Afrika Afdeling van die Hooggeregshof; (h)
- (i) "onroerende goed", ook 'n saaklike reg in of oor onroerende goed; (f)
- (j) "onteieningsdatum" die toepaslike datum by artikel 5(2)(b) beoog; (b)
- (k) "onteieningskennisgewing" 'n kennisgewing by artikel 5 bedoel; (i)
- (l) "openbare doeleindes" ook enige doeleindes wat in verband staan met die uitvoering van die bepalings van die een of ander wet deur 'n owerheidsorgaan; (l)
- (m) "plaaslike bestuur" die raad van 'n munisipaliteit gestig of ingestel ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), 'n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), en 'n Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970); (g)
- (n) "regulasie" 'n regulasie wat kragtens die bepalings van artikel 20 van hierdie Ordonnansie uitgevaardig is; (m)
- (o) "Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee bedoel by artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968). (e)

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie kan die Uitvoerende Komitee, onderworpe aan die verpligting om vergoeding te betaal, enige goed vir openbare doeleindes onteien of die reg neem om enige goed vir openbare doeleindes tydelik te gebruik.

(2) Die bevoegdheid van die Uitvoerende Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (1) om goed vir openbare doeleindes te onteien, en 'n bevoegdheid ingevolge die bepalings van enige ander wet om namens die Administrasie goed te onteien of andersins te verkry, sluit ook die bevoegdheid in om, indien die onteiening of verkryging van sekere onroerende goed ingevolge die bepalings van bedoelde subartikel of ander wet na die oordeel van die Uitvoerende Komitee enige ander onroerende goed raak of sal raak, soveel van sodanige ander onroerende goed te onteien as wat die Uitvoerende Komitee om die een of ander rede dienstig ag.

Bevoegdheid van Uitvoerende Komitee om goed vir openbare en sekere ander doeleindes te onteien of andersins te verkry of om die reg te neem om goed vir openbare doeleindes tydelik te gebruik.

(3) The power of the Executive Committee in terms of the provisions of subsection (2) to expropriate immovable property which, in the opinion of the Executive Committee, is affected by an expropriation, shall, in the case where only a portion of a piece of land is expropriated in terms of the provisions of this section, at the request of the owner concerned include the power to expropriate also the remainder of that piece of land if the owner satisfies the Executive Committee that the said remainder has become useless to the owner in consequence of the expropriation of the aforesaid portion.

Executive Committee may confer its powers in relation to land in terms of this Ordinance upon a local authority.

3. (1) The Executive Committee may, with the exception of the power contemplated by section 19, confer any of its powers in relation to land or a right in, over or in respect of land in terms of the provisions of this Ordinance upon a local authority to the extent contemplated by subsection (2), and in the exercise of such a power by such local authority the provisions of this Ordinance shall apply and any reference therein to the Executive Committee and the Administration shall be construed as a reference to such local authority.

(2) The Executive Committee may confer the powers referred to in subsection (1) either in general or in relation to particular land or in respect of a particular case.

Inspection of property for purposes of expropriation or taking of right of temporary use.

4. (1) If any property or the temporary use of any property is required for public purposes, the Executive Committee may —

(a) in order to ascertain whether any particular property is suitable for the purposes or use contemplated, or in order to determine the value of such property, authorise any person to —

(i) enter upon any land in question with the necessary workmen, equipment and vehicles;

(ii) survey that land and to determine the area and levels thereof;

(iii) dig or bore on or into that land;

(iv) construct and maintain a measuring weir in any river or stream;

(v) in so far as it is necessary to gain access to that land, enter upon and go across any other land with the necessary workmen, equipment and vehicles; and

(b) authorise any person to demarcate the boundaries of any land required for the said purposes or use:

Provided that such person shall enter no building nor enter upon any enclosed yard or garden attached to any building

(3) Die bevoegdheid van die Uitvoerende Komitee om ingevolge die bepalings van subartikel (2) onroerende goed wat volgens eie oordeel van die Uitvoerende Komitee deur 'n onteiening geraak word, te onteien, sluit die bevoegdheid in om, in die geval waar slegs 'n gedeelte van 'n stuk grond ingevolge die bepalings van hierdie artikel onteien word, op versoek van die betrokke eienaar ook die restant van daardie stuk grond te onteien indien die eienaar die Uitvoerende Komitee oortuig dat bedoelde restant as gevolg van die onteiening van voornoemde gedeelte vir die eienaar nutteloos geword het.

3. (1) Die Uitvoerende Komitee kan, met uitsondering van die bevoegdheid by artikel 19 beoog, enige van sy bevoegdhede met betrekking tot grond of 'n reg in, oor of ten opsigte van grond ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie, aan 'n plaaslike bestuur verleen in die mate by subartikel (2) beoog, en by die uitoefening van so 'n bevoegdheid deur sodanige plaaslike bestuur is die bepalings van hierdie Ordonnansie van toepassing en word enige verwysing daarin na die Uitvoerende Komitee en die Administrasie as 'n verwysing na sodanige plaaslike bestuur uitgelê.

Uitvoerende Komitee kan sy bevoegdhede met betrekking tot grond ingevolge hierdie Ordonnansie aan 'n plaaslike bestuur verleen.

(2) Die Uitvoerende Komitee kan die bevoegdhede waarna in subartikel (1) verwys word óf in die algemeen óf met betrekking tot bepaalde grond of ten opsigte van 'n bepaalde geval verleen.

4. (1) Indien enige goed of die tydelike gebruik van enige goed vir openbare doeleindes benodig word, kan die Uitvoerende Komitee —

Ondersoek van goed vir doeleindes van onteiening of neem van reg op tydelike gebruik.

(a) ten einde vas te stel of enige bepaalde goed vir die beoogde doeleindes of gebruik geskik is of ten einde die waarde van sodanige goed te bepaal, iemand magtig om —

(i) enige betrokke grond met die nodige werksmense, toerusting en voertuie te betree;

(ii) daardie grond op te meet en die oppervlakte en hoogtes daarvan te bepaal;

(iii) op of in daardie grond te grawe of te boor;

(iv) 'n meetdam in enige rivier of stroom te bou en in stand te hou;

(v) vir sover dit nodig is om toegang tot daardie grond te verkry, met die nodige werksmense, toerusting en voertuie enige ander grond te betree en daarvoor te gaan; en

(b) iemand magtig om die grense van enige grond wat vir genoemde doeleindes of gebruik benodig is, af te baken:

Met dien verstande dat so iemand geen gebou mag binnegaan of 'n afgekampte werf of tuin aan enige gebou ver-

without the consent of the owner or lawful occupier thereof, unless such person has given the said owner or occupier at least twenty-four hours' notice of his intention to do so.

(2) If any person has suffered damage as a result of the exercise of any power conferred in terms of the provisions of subsection (1), the Administration shall be liable to pay damages or to repair that damage.

(3) Any proceedings by virtue of the provisions of subsection (2) shall be instituted within six months after the damage in question has been caused or within six months after the completion of the acts contemplated by subsection (1), whichever is the longer period: Provided that no such proceedings shall be instituted before the prospective plaintiff has given the Executive Committee at least one month's notice thereof and has stated, together with such notice, the cause of the alleged damage.

Provisions applicable to the notice that property is to be expropriated or is to be used temporarily.

5. (1) Whenever the Executive Committee has decided to expropriate or to take the right to use temporarily any property in terms of the provisions of section 2, the said Committee shall, subject to the provisions of subsection (5), cause an appropriate notice of expropriation to be served upon the owner of the property in question in accordance with the provisions of subsection (3).

(2) The notice of expropriation shall —

(a) contain a clear and full description of the property in question and, in the case of the taking of the right to use property temporarily, also of such right, as well as, in the case where only a portion of a piece of land or a real right in or over only such a portion is expropriated, or where the right is taken to use temporarily only such a portion a sketch plan showing the approximate position of the portion in question and stating the approximate extent of such portion: Provided that whenever only a portion of a piece of land or a real right in or over only such a portion is expropriated, or where the right is taken to use temporarily only the said portion, the owner of the said portion may, within thirty days from the date of notice, request the Executive Committee by registered post to furnish, in the manner contemplated by subsection (3), further particulars of the portion in question so as to enable the said owner to determine the position or extent of that portion, and upon the furnishing of such further particulars, the date of the notice in which such further particulars were furnished, shall, in applying this Ordinance, be deemed to be the date of the notice of expropriation;

bonde, mag betree sonder die toestemming van die eienaar of wettige okkupeerder daarvan nie, tensy so iemand bedoelde eienaar of okkupeerder minstens vier-en-twintig uur kennis gegee het van sy voorneme om dit te doen.

(2) Indien iemand skade gely het as gevolg van die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge die bepalings van subartikel (1) verleen, is die Administrasie aanspreeklik om skadevergoeding te betaal of om daardie skade te herstel.

(3) Enige geding uit hoofde van die bepalings van subartikel (2) moet ingestel word binne ses maande nadat die betrokke skade veroorsaak is of binne ses maande na die voltooiing van die handelinge by subartikel (1) beoog, welke tydperk ook al die langste is: Met dien verstande dat geen sodanige geding ingestel mag word nie alvorens die voornemende eiser die Uitvoerende Komitee minstens een maand kennis gegee het daarvan en tesame met sodanige kennisgewing die oorsaak van die beweerde skade vermeld het.

5. (1) Wanneer die Uitvoerende Komitee besluit het om ingevolge die bepalings van artikel 2 goed te onteien of om die reg te neem om goed tydelik te gebruik, moet bedoelde Komitee, behoudens die bepalings van subartikel (5), 'n gepaste onteieningskennisgewing aan die eienaar van die betrokke goed laat bestel ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3).

Bepalings van toepassing op die kennisgewing dat goed onteien of tydelik gebruik gaan word.

(2) Die onteieningskennisgewing moet —

- (a) 'n duidelike en volledige beskrywing van die betrokke goed bevat, en, in die geval van die neem van die reg om goed tydelik te gebruik, ook van sodanige reg, asook, in die geval waar slegs 'n gedeelte van 'n stuk grond of 'n saaklike reg in of oor slegs so 'n gedeelte onteien word, of waar die reg geneem word om slegs so 'n gedeelte tydelik te gebruik, 'n sketsplan wat die benaderde ligging van die betrokke gedeelte aandui en die benaderde grootte van bedoelde gedeelte vermeld: Met dien verstande dat wanneer slegs 'n gedeelte van 'n stuk grond of 'n saaklike reg in of oor slegs so 'n gedeelte onteien word, of waar die reg geneem word om slegs bedoelde gedeelte tydelik te gebruik, die eienaar van bedoelde gedeelte die Uitvoerende Komitee binne dertig dae vanaf die kennisgewingsdatum per aangetekende pos kan versoek om op die wyse by subartikel (3) beoog, verdere besonderhede van die betrokke gedeelte te verstrek ten einde bedoelde eienaar in staat te stel om die ligging of grootte van daardie gedeelte te bepaal, en by verstreking van sodanige verdere besonderhede, word die datum van die kennisgewing waarin sodanige verdere besonderhede verstrek is, by die toepassing van hierdie Ordonnansie geag die datum van die onteieningskennisgewing te wees;

(b) state the date of expropriation, or, in the case of the taking of the right to use property temporarily, the date as from which the property will be so used as well as the date upon which the right to so use the property shall be terminated: Provided that the last-mentioned date shall not be later than one hundred and eighty days after the date of notice: Provided further that the date as from which the property may be used, shall not be earlier than sixty days as from the date of notice unless the Executive Committee is of the opinion that the said property is urgently required for a purpose for which it will be used by the Administration;

(c) either state the amount which is offered as compensation for the property or for the temporary use thereof, or request the owner of the property to advise the Executive Committee in writing within sixty days as from the date of notice of the amount which that owner claims as such compensation and how much of the last-mentioned amount represents each of the respective amounts contemplated by section 9(1)(a)(i) and (ii) or (b) with full particulars regarding the composition of such amounts:

Provided that if that owner requests the Executive Committee in writing within thirty days as from the date of notice to extend the said period, the Executive Committee shall extend such period by a further sixty days;

(d) if an amount is therein offered as compensation, draw the attention of the owner of the property to the fact that if any person has, in respect of the said property, a right contemplated by section 7(1)(d)(i), (iii) or (iv) of which the Executive Committee had no knowledge on the date of notice, the Executive Committee may withdraw the said offer.

(3) Subject to the provisions of subsection (5), the Executive Committee shall cause the notice of expropriation to be served by causing the original notice or a true and correct copy thereof to be tendered or presented or sent by registered post to the owner in question.

(4) If the property to be expropriated or used temporarily is land, the Executive Committee shall, subject to the provisions of subsection (5), cause a copy of the notice contemplated by subsection (2), or a notice to the effect that the land is being expropriated or that the right to use the land temporarily is being taken, and in which is stated the particulars regarding such expropriation or the taking of such right (as the case may be), to be served in accordance with the provisions of subsection (3) —

(a) upon every person who has an interest in that land according to —

(b) die datum van onteining vermeld, of, in die geval van die neem van die reg om goed tydelik te gebruik, die datum vanaf wanneer die goed aldus gebruik sal word sowel as die datum waarop die reg om die goed aldus te gebruik, beeindig sal word: Met dien verstande dat laasgenoemde datum nie later mag wees nie as honderd en tagtig dae na die kennisgewingsdatum: Met dien verstande voorts dat die datum vanaf wanneer die goed gebruik mag word, nie vroeër mag wees nie as sestig dae vanaf die kennisgewingsdatum tensy die Uitvoerende Komitee van oordeel is dat bedoelde goed dringend nodig is vir 'n doel waarvoor dit deur die Administrasie gebruik gaan word;

(c) óf die bedrag vermeld wat as vergoeding vir die goed of vir die tydelike gebruik daarvan aangebied word óf die eenaar van die goed versoek om die Uitvoerende Komitee binne sestig dae vanaf die kennisgewingsdatum skriftelik in kennis te stel van die bedrag wat daardie eenaar as sodanige vergoeding eis en hoeveel van laasgenoemde bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog by artikel 9(1)(a)(i) en (ii) of (b) verteenwoordig met volledige besonderhede betreffende die samestelling van daardie bedrae: Met dien verstande dat indien daardie eenaar die Uitvoerende Komitee binne dertig dae vanaf die kennisgewingsdatum skriftelik versoek om bedoelde tydperk te verleng, die Uitvoerende Komitee daardie tydperk vir 'n verdere sestig dae verleng;

(d) indien 'n bedrag as vergoeding daarin aangebied word, die eenaar van die goed se aandag daarop vestig dat indien iemand 'n reg bedoel by artikel 7(1)(d)(i), (iii) of (iv) ten opsigte van bedoelde goed het waarvan die Uitvoerende Komitee op die kennisgewingsdatum nie geweet het nie, die Uitvoerende Komitee bedoelde aanbod kan terugtrek.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (5) moet die Uitvoerende Komitee die onteieningskennisgewing laat bestel deur die oorspronklike kennisgewing of 'n ware en juiste afskrif daarvan aan die betrokke eenaar te laat oorhandig of aanbied of per aangetekende pos te laat stuur.

(4) Indien die goed wat onteien of tydelik gebruik gaan word grond is, moet die Uitvoerende Komitee, behoudens die bepalings van subartikel (5), 'n afskrif van die kennisgewing by subartikel (2) beoog of 'n kennisgewing met die strekking dat die grond onteien is of dat die reg om die grond tydelik te gebruik, geneem is, en waarin vermeld word die besonderhede betreffende sodanige onteining of die neem van sodanige reg (na gelang van die geval), ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) laat bestel —

(a) aan iedereen wat volgens —

- (i) the title deed of the land;
 - (ii) the registers of the Registrar of Deeds; and
 - (iii) the registers of any other government office in which rights granted in terms of any law relating to prospecting or mining activities, are recorded; and
- (b) if the land —
- (i) is situated within the area of a local authority, upon the local authority in question; and
 - (ii) to the knowledge of the Executive Committee, is the subject of an agreement contemplated by section 7(1)(d)(ii), upon the purchaser concerned.
- (5) Whenever the Executive Committee —
- (a) is unable readily to ascertain the dwelling place or head office of —
 - (i) the owner or of every owner of the property in question; and
 - (ii) any or every person or institution who has, in terms of the provisions of subsection (4), an interest in the land in question; or
 - (b) (i) by reason of the number of persons who are in terms of the provisions of paragraph (a) owners or interested parties; or
 - (ii) for any other reason is convinced that the service of a notice in accordance with the provisions of subsection (3) is not expedient; or
 - (c) in the case where the property is subject to a fideicommissum, does not know who all the fideicommissary heirs are or will be,

the Executive Committee shall, in addition to or instead of causing a notice to be served in accordance with the provisions of subsection (3), cause to be published once in the *Official Gazette* and once a week for two consecutive weeks in an English and in an Afrikaans newspaper circulating in the area in which the property in question is or is situated an appropriate notice which complies with the requirements of subsection (2): Provided that in the case where there is in circulation in the said area only a newspaper in which the news service is provided in both the English and the Afrikaans languages, the Executive Committee shall, in applying this subsection, cause the said notice to be published in the last-mentioned newspaper in both those languages.

- (i) die titelbewys van die grond;
 - (ii) die registers van die Registrateur van Aktes; en
 - (iii) die registers van enige ander owerheidskantoor waar regte toegestaan ingevolge enige wet op prospekter- of mynbouwerkzaamhede, aangeteken word
- 'n belang in daardie grond het; en
- (b) indien die grond —
- (i) binne die gebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, aan die betrokke plaaslike bestuur; en
 - (ii) na die wete van die Uitvoerende Komitee die onderwerp is van 'n ooreenkoms by artikel 7(1)(d)(ii) bedoel, aan die betrokke koper.
- (5) Indien die Uitvoerende Komitee —
- (a) nie die verblyfplek of hoofkantoor van —
- (i) die eienaar of van iedere eienaar van die betrokke goed; en
 - (ii) enige of iedere persoon of instansie wat ingevolge die bepalings van subartikel (4) 'n belang in die betrokke goed het
- geredelik kan vasstel nie; of
- (b) (i) vanweë die aantal persone wat ingevolge die bepalings van paragraaf (a) eienaars of belanghebendes is; of
- (ii) om enige ander rede oortuig is dat die bestelling van 'n kennisgewing ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) nie doenlik is nie; of
- (c) in die geval waar die goed aan 'n fideikommis onderworpe is, nie weet wie almal fideikommisêre erfgename is of gaan wees nie,

moet die Uitvoerende Komitee, benewens of in plaas van om 'n kennisgewing ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) te laat bestel, een maal in die *Offisiële Koerant* en een maal per week vir twee agtereenvolgende weke in 'n Afrikaanse en in 'n Engelse nuusblad wat in omloop is in die streek waar die betrokke goed is of geleë is, 'n gepaste kennisgewing wat aan die vereistes van subartikel (2) voldoen, laat publiseer: Met dien verstande dat in die geval waar daar in bedoelde streek slegs 'n nuusblad in omloop is waarin beriggewing in sowel die Afrikaanse as die Engelse tale verskaf word, die Uitvoerende Komitee, by die toepassing van hierdie subartikel, bedoelde kennisgewing in albei daardie tale in laasgenoemde nuusblad moet laat publiseer.

Passing of ownership in respect of expropriated property and exercise of right to use property temporarily.

6. (1) The ownership of property which has been expropriated in terms of the provisions of this Ordinance shall, subject to the provisions of subsection (3), on the date of expropriation, pass to the Administration released from all mortgage bonds (if any) with which such property is burdened immediately prior to such date and, if the property thus expropriated is land, the said land shall remain subject to all such rights (except mortgage bonds) as are immediately prior to the date of expropriation registered in favour of third parties in respect of the land in question unless or until such time as those rights have been expropriated from the owner thereof in accordance with the provisions of this Ordinance.

(2) If the Executive Committee has in terms of the provisions of section 2 taken the right to use any property for some or other purpose, the Administration may, as from the date of expropriation, exercise that right.

(3) Notwithstanding the fact that in terms of subsection (1) the ownership in expropriated property passes to the Administration already on the date of expropriation and subject to the provisions of subsection (5), the Administration shall not, in the case where immovable property has been expropriated, take possession of the property in question until —

- (a) a period of not less than sixty days, calculated as from the date of expropriation, has expired; or
- (b) in the case where the period contemplated by paragraph (a) has been extended by agreement between the Executive Committee and the owner concerned, that extended period has expired:

Provided that if the property in question is, in the opinion of the Executive Committee, urgently required for the purposes for which it was expropriated, the Executive Committee may cause that property to be taken into possession at any time prior to the expiration of the period contemplated by paragraph (a) or (b), as the case may be: Provided further that the aforesaid accelerated taking into possession shall only be effected on the date which has been specifically designated therefor in the notice of expropriation or other appropriate notice which must be served or published in accordance with the provisions of section 5(3) or (5).

(4) Any owner of expropriated immovable property —

- (a) shall, with due regard to the provisions of paragraph (b), take care of and maintain the immovable property in question during the period which runs from the date of expropriation to the date upon which the Administration takes that property into possession, and shall be compensated by the Executive Committee for any costs which were, in the opinion of the Executive Committee, necessarily incurred during the said period in connection with such care or maintenance;

6. (1) Die eiendomsreg van goed wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie onteien is, gaan behoudens die bepalings van subartikel (3), op die onteieningsdatum op die Administrasie oor bevry van alle verbande (indien enige) waarmee sodanige goed onmiddellik voor sodanige datum beswaar is en, indien die aldus onteiene goed grond is bly daardie grond onderworpe aan al sodanige regte (uitgesonderd verbande) as wat onmiddellik voor die onteieningsdatum ten gunste van derdes ten opsigte van die betrokke grond geregistreer is, tensy of tot sodanige tydstip as wat daardie regte van die eienaar daarvan onteien is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Oorgang van eiendomsreg ten opsigte van onteiene goed en uitoefening van reg om goed tydelik te gebruik.

(2) Indien die Uitvoerende Komitee ingevolge die bepalings van artikel 2 die reg geneem het om enige goed vir die een of ander doel te gebruik, kan die Administrasie vanaf die onteieningsdatum daardie reg uitoefen.

(3) Ondanks die feit dat die eiendomsreg op onteiene goed ingevolge die bepalings van subartikel (1) reeds op die onteieningsdatum op die Administrasie oorgaan, en behoudens die bepalings van subartikel (5) mag die Administrasie, in die geval waar onroerende goed onteien is, nie die betrokke goed in besit neem nie voordat —

- (a) 'n tydperk van minstens sestig dae bereken vanaf die onteieningsdatum verstryk het; of
- (b) in die geval waar die tydperk by paragraaf (a) beoog by ooreenkoms tussen die Uitvoerende Komitee en die betrokke eienaar verleng is, daardie verlengde tydperk verstryk het:

Met dien verstande dat indien die betrokke goed volgens die oordeel van die Uitvoerende Komitee dringend nodig is vir die doeleindes waarvoor dit onteien is, die Uitvoerende Komitee daardie goed in besit kan laat neem te eniger tyd voor die verstryking van die tydperk bedoel by paragraaf (a) of (b), na gelang van die geval: Met dien verstande voorts dat voornoemde vervroegde inbesitneming slegs mag plaasvind op die datum wat spesifiek daarvoor aangewys is in die onteieningskennisgewing of ander toepaslike kennisgewing wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 5(3) of (5) bestel of gepubliseer moet word.

(4) Enige eienaar van onteiene onroerende goed —

- (a) moet, met inagneming van die bepalings van paragraaf (b), die betrokke onroerende goed versorg en in stand hou gedurende die tydperk wat loop vanaf die onteieningsdatum tot op die datum waarop die Administrasie daardie goed in besit neem, en word deur die Uitvoerende Komitee vergoed vir enige koste wat, volgens die oordeel van die Uitvoerende Komitee, noodsaaklikerwys gedurende bedoelde tydperk aangegaan is in verband met sodanige versorging of instandhouding;

(b) who wilfully, or negligently fails to take care of and to maintain the immovable property in question or to take care of or to maintain it in accordance with the provisions of this subsection, with the result that that property depreciates in value, is, if the Executive Committee so decides, indebted to the Administration for the amount of such depreciation which amount may, at any time after such decision, be recovered by the Executive Committee from such owner.

(5) If the owner of expropriated immovable property desires to place the Administration in possession of that property before the appropriate period contemplated by subsection (3) has expired, the said owner shall give the Executive Committee not less than twenty-one day's written notice of the date of the intended accelerated placing into possession, whereupon the Executive Committee shall be deemed to have caused the property in question to be taken possession of on that date.

(6) The owner of expropriated property shall, during the period which runs from the date of expropriation to the date upon which the Administration may or shall take possession of that property, be entitled to the use of and to the fruits and income from that property, and shall during such period be liable for the payment of taxes and for any other costs which were incurred in respect of the expropriated property as if that property had never been expropriated.

Duties of owner whose property has been expropriated or which is to be used by the Administration.

7. (1) An owner whose property has been expropriated in terms of the provisions of this Ordinance, shall, within sixty days from the date of notice in question, deliver or cause to be delivered to the Executive Committee a written statement in which is indicated —

